



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

GESKIEDENIS V1

2015

MEMORANDUM

PUNTE: 150

Hierdie memorandum bestaan uit 24 bladsye.

1. BRONGEBASEERDE VRAE

1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

KOGNITIEWE VLAKE	HISTORIESE VAARDIGHEDDE	GEWIGSTOEKENNING VAN VRAE
VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> • Onttrek inligting uit bronne • Selektoring en organisasie van relevante inligting uit bronne • Definieer historiese begrippe/terme 	30% (15)
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> • Interpretasie van bewyse uit bronne • Verduidelik inligting verkry uit bronne • Analiseer bewyse uit bronne 	40% (20)
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne • Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel • Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings 	30% (15)

1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.

2. OPSTELVRAE

2.1 Die opstelvrae eis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.

2.3 Globale assessering van 'n opstel

Die opstel skryfwerk sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitlike bewyse om 'n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om 'n beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'model-antwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument
- Die toepaslike seleksie van feitlike bewyse om sodanige argument te ondersteun
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

2.4 Assesseringsprosedures van die opstel

- 2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.
- 2.4.2 Tydens die eerste deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne/memorandum), vir elke hoofmoment/aspek wat volledig gekontekstualiseer is en 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt in die nasienriglyn/memorandum) bv. 'n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.
- 2.4.3 Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer

Λ

- Verkeerde stelling _____
- Irrelevante stelling |
|
|
- Herhaling **R**
- Analise **A**√
- Interpretasie 1√

2.5 Die matriks

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidvlakke.

Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

C	VLAK 4	

2.5.2 Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

C	VLAK 4	
P	VLAK 3	

Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

C	VLAK 4	} 26 – 27
P	VLAK 3	

Globale Assessering van Opstelle: Totale Punt: 50

	VLAK 7	VLAK 6	VLAK 5	VLAK 4	VLAK 3	VLAK 2	VLAK 1*
<p>AANBIEDING</p> <p>→</p> <p>INHOUD</p> <p>↓</p>	Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. 'n Goed gebalanseerde, oorspronklike en onafhanklike argumentslyn is ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking is bereik uit bewyse gebruik om die argument te ondersteun.	Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argumentslyn is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te verkry om die argument te ondersteun.	Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking verkry uit bewyse om die argumentslyn te ondersteun.	Argument beplan en gestruktureer. Getuienis gebruik tot 'n sekere mate om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van getuienis.	Toon soms bewyse van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argumentslyn vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur getuienis nie.	Poging aangewend om 'n antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend, of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te bereik nie.	Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie.
VLAK 7 Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudkeuse ten volle relevant tot die argument wat gevolg is.	47–50	43–46					
VLAK 6 Vraag is beantwoord. Inhoudkeuse relevant tot die argument wat gevolg is.	43–46	40–42	38–39				
VLAK 5 Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud genoegsaam en relevant.	38–39	36–37	34–35	30–33	28–29		
VLAK 4 Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante inhoudkeuse.			30–33	28–29	26–27		
VLAK 3 Inhoudkeuse hou verband met die vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings.				26–27	24–25	20–23	
VLAK 2 Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal					20–23	18–19	14–17
VLAK 1* Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud						14–17	0–13

* **Riglyne vir die toekenning van 'n punt vir Vlak 1**

- Vraag is glad nie beantwoord nie/ totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Vraag sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1 - 6
- Vraag is ontoereikend en vaag beantwoord; geen poging om die opstel te struktureer nie = 7 - 13

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**VRAAG 1: HOE HET DIE WESTERSE MOONDHEDE EN DIE SOWJETUNIE NA 1945 OP DIE POLITIEKE ONTWIKKELINGE IN EUROPA GEREAGEER?**

1.1

1.1.1 *[Verduideliking van historiese konsepte in Bron 1A – L1]*

- Dit het die simboliese/gemilitariseerde grens verteenwoordig (van Stettin tot Triëst) wat die Kommunistiese blok en Wes-Europese lande gedurende die Koue Oorlog geskei het
- Dit het die verdeling tussen die Sowjet (Kommunistiese) en Westerse (kapitalistiese) invloedssfeer in Europa verteenwoordig
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.1.2 *[Ontleding van bewyse in Bron 1A – L2]*

- Oos-Europa het onder toenemende beheer uit Moskou gekom
- Die meeste lande in Oos-Europa was tot 'n groot mate onder die beheer van die Sowjetunie
- Die Sowjetunie wou hul invloed in Oos-Europa uitbrei
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.1.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1A – L2]*

- Die Sowjette het gehoop om ekonomiese voordeel te trek uit die lande wat hulle gedurende die Tweede Wêreldoorlog beset het
- Die Sowjette het die masjiene en nywerheidsgoedere uit die gebiede van Duitsland en Oos-Europa wat van Duitse besetting bevry het, gestroop
- Die Sowjette wou nie 'n militêre oorlog hê nie, maar wou voordeel trek uit die politieke geleenthede wat uit die Tweede Wêreldoorlog ontstaan het
- Die Sowjetunie was net in die uitbreiding van hulle mag geïnteresseerd
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.1.4 *[Onttrekking van bewyse in Bron 1A – L1]*

- Westerse moondhede kon hulle krag vertoon
- Westerse moondhede kon saamstaan
- Westerse moondhede moet by die beginsels van die Verenigde Nasies hou (enige 2 x 1) (2)

1.2

1.2.1 *[Ontleding van bewyse in Bron 1B – L2]*

- Churchill (voormalige Eerste Minister van Brittanje) was 'oorlogsoekigerig' (oorlog gemaak)
- Baie in die Sowjetunie het Churchill se toespraak beskou as verantwoordelik vir die begin van die Koue Oorlog
- Churchill het op 'n vyandige manier teenoor die Sowjetunie opgetree
- Brittanje was in alliansie met die VSA teen die USSR
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.2.2 [Ontleding van bewyse in Bron 1B – L2]

- Om die Sowjetunie teen enige toekomstige aanval uit Duitsland te beskerm
- Die Sowjette wou nie enige verdere lewensverlies van hulle burgers aan die hand van die Duitsers/ ander lande waag nie
- Stalin het geglo dat sy uitbreiding in hierdie gebied nie deur die geallieerdes voorkom sou kon word nie.
- Om die ideologie van kommunisme te versprei/ om die Sowjet-invloedsfeer uit te brei
- Enige ander relevante antwoord. (enige 2 x 2) (4)

1.2.3 [Verduidelik die bruikbaarheid van Bron 1B – L3]

Kandidate moet aandui tot watter mate die bron BRUIKBAAR TOT 'N GROTERE MATE of BRUIKBAAR TOT 'N MINDERE MATE is.

BRUIKBAAR TOT 'N GROOT MATE

- Dit verskaf inligting wat relevant is vir die geskiedkundige se navorsingsonderwerp
- Dit is deur Stalin, die leier van die Sowjetunie geskep in die naoorlogse tydperk toe Sowjet-vriendelike regerings gevestig is
- Dit verskaf 'n duidelike begrip van waarom die Sowjet-regering gevoel het dis nodig om regerings te vestig wat vriendelik teenoor die Sowjetunie is
- Dit wys hoe Stalin die media vir propaganda-doeleindes gebruik het om sy regering se optrede in Oos-Europa te verdedig
- Enige ander relevante antwoord

BRUIKBAAR TOT 'N MINDERE MATE

- Dit verskaf net een perspektief (Sowjet) om te verduidelik waarom Sowjet-vriendelike regerings in Oos-Europa gevestig is
- Stalin was die outeur en skepper van die bron so die geldigheid daarvan kan bevaagteken word
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.3

1.3.1 [Ontleding van bewyse in Bron 1C – L2]

- Stalin word uitgebeeld dat hy sy invloed in Oos-Europa uitbrei – hy is letterlik geteken met sy liggaam oor die kaart uitgestrek
- Stalin het Sowjet-beheer oor Oos-Europa uitgebrei– toon Stalin wat die USSR se hamer en sekkel beplant ver anderkant die westerlike grens van die Sowjetunie
- Stalin is 'n bedreiging vir lande in Wes-Europa – twee lande word met vraagtekens getoon wat aan die hand doen dat hulle dalk nog onder Sowjet-beheer kan kom
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.3.2 [Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – L1]

- Finland
- Bulgarye
- Pole
- Roemenië
- Oos-Duitsland

(enige 4 x 1) (4)
Blaai om asseblief

1.4 *[Vergelyking en ontleding van bewyse in Bron 1B en 1D – L3]*

- Churchill (Bron 1A) verwys na 'n ystergordyn wat oor Europa neerdaal; hierdie verdeling van Europa in Sowjet-vriendelike regerings word duidelik in die spotprent aangedui (Bron 1C)
- Churchill (Bron 1A) beweer dat Stalin 'n hoë vlak van beheer oor Oos-Europa uitoefen; die spotprenttekenaer impliseer hierdie beheer deur Stalin te teken asof hy die kaart van Oos-Europa fisies domineer (Bron 1C)
- Churchill (Bron 1A) doen aan die hand dat as Westerse moondhede nie saamstaan nie, die Sowjette sal voortgaan om hulle invloed in Wes-Europa verder uit te brei; die spotprenttekenaer (Bron 1C) ondersteun hierdie idee deur 'n paar lande met vraagtekens te toon, nog besluiteloos oor hulle politieke alliansie en Stalin wat Sowjet-vlae beplant ver van die westelike grens van die USSR
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.5

1.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – L1]*

- Om die vryheid van die VSA en ander lande om oor hulle eie sake te besluit, te verseker
- Om te voorkom dat enige land 'n ander een treiter/baas speel oor/boelie
- Om verlies aan vryheid te voorkom
- Om mense te help om hulle vrye instellings/gewoontes te behou
- Om die dominasie van vry mense deur totalitêre regerings te voorkom (enige 2 x 1) (2)

1.5.2 *[Verduideliking van 'n historiese term in Bron 1D – L1]*

- 'n Regering gekenmerk deur uitermate vlakke van sentrale beheer oor alle aspekte van die sosiale, politieke en ekonomiese lewe
- 'n Politieke stelsel waar burgers 'vryhede' soos spraak of godsdiens ontsê word
- 'n Ondemokratiese regeringstelsel waar geweld dikwels gebruik word om teenstand te onderdruk
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.5.3 *[Ontleding en Interpretasie van bewyse in Bron 1C – L2]*

- Truman het dit as 'n aggressiewe handeling deur die Sowjetunie beskou
- Truman het geglo dat dit 'n bedreiging vir vrede en sekuriteit was
- Truman het geglo dat Amerika aktief moes deelneem (deur ekonomiese hulp) om te voorkom dat nog lande in die Sowjet-invloedsfeer ingetrek word
- Truman het geglo dat sonder Amerikaanse optrede om Sowjet-optrede teen te staan in Oos-Europa, wêreldvrede bedreig sou word
- Enige ander relevante antwoord. (enige 2 x 2) (4)

1.5.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – L1]*

- Ekonomiese hulp
- Finansiële hulp
- Neem 'n leierskapsposisie in wêreldsake in (enige 2 x 1) (2)

1.6 [Interpretasie, evaluering en samevatting van bewyse in relevante bronne – L3]

Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit.
Kandidate moet beide reaksies insluit om volpunte te behaal.

Westerse Reaksie

- Churchill (Brittanje) het dit gesien as (gereageer) op die vestiging van Sowjet-vriendelike regerings in Oos-Europa deur die Sowjetunie as 'n daad van aggressie beskou (Bron 1A)
- Die mening was dat Moskou sy beheer in Oos-Europa uitbrei (Bron 1A)
- Illingworth (Brits) het saam Churchill gestem en die Sowjet-uitbreiding in Oos-Europa geïllustreer met die suggestie dat Stalin sy oog ook op Wes-Europa gehad het (Bron 1C)
- Illingworth het Stalin geteken asof hy Wes-Europa bekruipt, soos 'n kat wat reg is om toe te slaan; dit het geïmpliseer dat Wes-Europa bedreig is (Bron 1C)
- Truman (VSA) het ook die Sowjet-daad as 'n daad van aggressie beskou wat die vry mense van die wêreld ondermyn het (Bron 1D)
- Truman het geglo dat die Sowjetunie die Jalta-ooreenkoms wat die geallieerdes onderteken het, geskend het (Bron 1D)
- Truman het gevrees dat toenemende Sowjet-invloed in Oos-Europa tot die verspreiding van totalitarisme en die verlies aan vryheid sou lei (Bron 1D)
- Enige ander relevante antwoord

Sowjet-reaksie

- Stalin (USSR) het die daad van die Sowjetunie as verdedigend afgemaak (Bron 1B)
- Stalin het die oorlogsopofferinge van die Sowjetunie opgenoem as regverdiging vir beskerming teen toekomstige aggressie (Bron 1B)
- Stalin het geglo die Teheran-konferensie gee hom 'n vry hand in Oos-Europa (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te:

VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik bewyse op 'n elementêre manier, bv. toon geen of min begrip van hoe die Westerse moondhede en die Sowjetunie na 1945 op die politieke ontwikkelinge in Europa gereageer het. • Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. 	PUNTE 0–2
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> • Bewyse is meesal relevant en hou tot 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. toon 'n bietjie begrip van hoe die Westerse moondhede en die Sowjetunie na 1945 op die politieke ontwikkelinge in Europa gereageer het. • Gebruik bewyse op baie basiese manier om 'n paragraaf te skryf. 	PUNTE 3–5
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik relevante bewyse, bv. toon deeglike begrip van hoe die Westerse moondhede en die Sowjetunie na 1945 op die politieke ontwikkelinge in Europa gereageer het. • Gebruik bewyse baie doeltreffend in 'n georganiseerde paragraaf wat begrip van die onderwerp toon. 	PUNTE 6–8

(8)
[50]

VRAAG 2: HOE HET BUITELANDSE INGRYPING TUSSEN 1974 EN 1976 KOUE OORLOG-SPANNING IN ANGOLA VERERGER?

2.1

2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – L1]*

- Sowjetunie/USSR/Rusland
- China
- Kuba
- Verenigde State van Amerika/VSA (4 x 1) (4)

2.1.2 *[Verduideliking van 'n historiese term in Bron 2A – L1]*

- Die twee magtigste lande (VSA en USSR) in die wêreld tydens die Koue Oorlog
- Supermoondhede het aansienlike beheer oor die ekonomie en leërs van ander lande gehad
- VSA en Sowjetunie het as leiers van die Weste (kapitalisties) en Ooste (kommunisties) na die Tweede Wêreldoorlog te voorskyn gekom
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.1.3 *[Ontleding van bewyse in Bron 2A – L2]*

(a) Amerika

- Vir ideologiese redes. Om kapitalisme te versprei of om die verspreiding van kommunisme te bedwing
- Vir politieke redes. Om te voorkom dat die sosialistiese MPLA met Sowjet-hulp die regering van onafhanklike Angola vorm
- Vir ekonomiese redes. Om toegang tot olie en minerale te hê
- Vir strategiese redes. NAVO kon die kuslyn en hawens vir moniteringsdoeleindes gebruik
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

(b) Suid-Afrika

- Vir ideologiese redes. Om die verspreiding van Marxisme/kommunisme te voorkom
- Vir politieke/strategiese redes. Om Namibië teen SWAPO-aanvalle uit Angola te beskerm
- UNITA het hulp by Suid-Afrika gevra
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.2

2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – L1]*

- Die MPLA het langgevestigde betrekkinge met Kuba gehad
- Die MPLA het met Castro onderhandel vir Kubaanse hulp
- UNITA het Suid-Afrika vir hulp genader
- Om Suid-Afrika se opmars in Angola te stuit (enige 2 x 1) (2)

2.2.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2B – L2]*

- Die Suid-Afrikaanse regering is deur die meeste lande in die wêreld as 'n onwettige regering beskou
- Die beleid van apartheid is deur die wêreld as 'n misdaad teen die mensdom veroordeel
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.2.3 [Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – L1]

- Hulle was versigtig om in die buiteland in te meng na die mislukte stryd in Viëtnam
- Ander wou die Suid-Afrikaanse konneksie vermy
- Nog ander het nie geglo dat die kwessie belangrik is nie (3 x 1) (3)

2.3

2.3.1 [Ontleding en vertolking van bewyse in Bron 2C – L2]

- Dit het al die Angolese vryheidsbewegings teen Portugese koloniale heerskappy voor onafhanklikheid ondersteun /daarna wou China nie kant kies nie
- China sou slegs hulp verleen of help indien wettige, koalisieregering ingestel is
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.3.2 [Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – L1]

- Om die natuurlike hulpbronne in Angola te bekom en te ontgin
- Om beheer oor die Angolese uit te oefen
- Om 'n militêre teenwoordigheid in Afrika te vestig (3 x 1) (3)

2.3.3 [Ontleding van inligting in Bron 2C – L2]

- Om multinasionale korporasies in Angola te vestig/om die natuurlike hulpbronne van Angola te ontgin
- Om beheer oor die lot van die Angolese uit te oefen
- Om neokolonialistiese beheer oor Angola te bekom/ om kapitalisme te versprei
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.3.4 [Evaluering van die bruikbaarheid van Bron 2C – L3]

Kandidate moet aandui tot watter mate die bron BRUIKBAAR is TOT 'N GROTERE MATE of BRUIKBAAR is TOT 'N MINDERE MATE en hulle argumente met relevante bewyse ondersteun.

BRUIKBAAR TOT 'N GROTERE MATE

- Dit verskaf relevante inligting vir die geskiedkundige se navorsingsonderwerp
- Al drie lande, China, USSR en die VSA se rolle in Angola word verduidelik
- Die bron dui aan watter vryheidsgroepe deur die buiteland gehelp is
- Toon die redes waarom hierdie (buitelandse) lande by Angola betrokke geraak het
- I Wor Kuen was nie 'n bondgenoot van enige supermoondheid nie so gee 'n onafhanklike interpretasie
- Enige ander relevante antwoord

BRUIKBAAR TOT 'N MINDERE MATE

- Inligting kan teenoor beide die Sowjetunie en die VSA bevooroordeel wees
- Al die negatiewe inligting in die bron is op die USSR en die VSA gerig
- Neem nie die motiewe deur die supermoondhede gegee, in ag nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.4

2.4.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2D – L2]*

- Sowjetunie probeer om hul invloedseer in Afrika uit te brei – getoon deur arm wat na Angola reik
- Die Sowjette is vasberade om Angola te beheer – dit word getoon deur die stywe greep wat die Russiese hand op Angola het
- Die greep toon ook 'n sterk houvas op Angola uit
- Die Sowjetunie se betrokkenheid in Angola is deur die VSA teengestaan
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.4.2 *[Interpretasie en ontleding van bewyse in Bron 2D – L2]*

- VSA was teen Sowjet-uitbreiding in Angola gekant
- Gebruik klein takkie om 'oor die vingers te tik' toon dat Amerika nie sterk opgetree het om te probeer om Sowjet-uitbreiding in Angola te keer nie
- Die 'olyftakke' beeld die sagte en vreedsame benadering uit wat die VSA gevolg het om Sowjet-uitbreiding in Angola te ontmoedig
- Die VSA se pogings om Sowjet-aggressie te keer, was swak en het min impak gehad
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.5 *[Vergelyking, evaluering en interpretasie van bewyse in Bron 2D en 2C – L3]*

- Bron 2D doen aan die hand dat die VSA teen imperialisme was omdat hulle teen Sowjet-uitbreiding in Angola gekant was, terwyl Bron 2C aan die hand doen dat Amerika ook 'n sterk rol in die ondermyning van Angola se onafhanklikheid en selfbeskikking gespeel het.
- In Bron 2C is daar 'n sterk Amerikaanse teenwoordigheid in Angola (deur hulp, Amerikaanse Intelligensiediens ['CIA'], multinasionale korporasies), terwyl in Bron 2D Amerika getoon word as dat hulle buite Angolese gebied staan.
- Bron 2D toon Kissinger wat 'n klein takkie gebruik om Rusland oor die vingers te tik ('n swak antwoord) oor Sowjet-uitbreiding in Angola, terwyl Bron 2C aan die hand doen dat Amerika hulle belange in Angola sterk sal verdedig ('vastrapplek', 'ontgin' en die frase 'sal hulle dit nie sonder 'n geveg opgee nie') om die Amerikaanse reaksie te beskryf
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.6 [Interpretasie, evaluering en samevatting van bewyse in relevante bronne – L3]

Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Verskillende lande ondersteun verskillende nasionalistiese bewegings – Sowjetunie en Kuba ondersteun MPLA en die VSA en Westerse moondhede ondersteun FNLA en UNITA (Bron 2A, 2C en 2D)
- Verspreiding van kommunisme en kapitalisme (Bron 2A en 2D)
- Mededinging vir Angola se minerale afsettings en olie – VSA se ekonomiese belange is bedreig, bv. Cabinda (Bron 2A en 2C)
- Angola was van strategiese belang vir beide lande in die Ooste en Weste (Bron 2A)
- Toegang tot kushawens het spanning tussen NAVO en die Warskou-Pakt-lande veroorsaak (Bron 2A)
- Die Sowjetunie wou 'n militêre teenwoordigheid in die suidelike Atlantiese Oseaan vestig (Bron 2C)
- Die Suid-Afrikaanse regering se betrokkenheid by Angola het tot spanning in die Amerikaanse regering gelei (Party in die Kongres het hulp ondersteun en ander was daarteen) (Bron 2B)
- China was uitgesproke oor die Sowjet- en Amerikaanse imperialisme (Bron 2C)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

VLAKE 1	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik bewyse op 'n elementêre manier, bv. toon geen of min begrip van hoe buitelandse ingryping tussen 1974 en 1976 Koue Oorlog-spanning in Angola vererger het. • Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. 	PUNTE 0–2
VLAKE 2	<ul style="list-style-type: none"> • Bewyse is meesal relevant en hou tot 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. toon bietjie begrip van hoe buitelandse ingryping tussen 1974 en 1976 Koue Oorlog-spanning in Angola vererger het. • Gebruik bewyse op baie basiese manier om 'n paragraaf te skryf. 	PUNTE 3–5
VLAKE 3	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik relevante bewyse, bv. toon deeglike begrip van hoe buitelandse ingryping tussen 1974 en 1976 Koue Oorlog-spanning in Angola vererger het. • Gebruik bewyse baie doeltreffend in 'n georganiseerde paragraaf wat begrip van die onderwerp toon. 	PUNTE 6–8

(8)
[50]

VRAAG 3: WATTER UITWERKING HET DIE DESEGREGASIE VAN CENTRAL HIGH SCHOOL IN DIE 1950'S OP RASSEVERHOUDINGE IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA GEHAD?

3.1

3.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – L1]*

- Dit het 'n wetsbepaling (statuut) van Kansas wat stede met meer as 15 000 mense toegelaat het om aparte skole vir wit en swart mense te hê, ter syde gestel.
- Dit het beslis dat segregasie in openbare skole 'inherent ongelyk' was.
- Dit het beslis dat alle swart Amerikaners wat verbied word om openbare skole saam wit Amerikaanse leerders by te woon, gelyke beskerming deur die wet, soos deur die Veertiende Amendement gewaarborg, ontsê word. (enige 2 x 1) (2)

3.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – L1]*

- Staatsondersteunde kolleges
- Universiteite (2 x 1) (2)

3.1.3 *[Ontleding van bewyse in Bron 3A – L2]*

- Desegregasie moes 'n proses wees – nie 'n eenmalige gebeurtenis nie
- Die hooggeregshof wou hê dat alle state desegregasie versigtig moes instel/stadige integrasieproses
- Om die vrese van dié wat desegregasie teengestaan het, te akkommodeer
- Segregasie moes uiteindelik beeindig word
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.1.4 *[Verduideliking van 'n historiese term in Bron 3A– L1]*

- Bring 'n einde aan skeiding van verskillende rassegroepe (in hierdie konteks die uitsluiting van swart Amerikaanse studente uit 'n skool vir wit Amerikaners in Little Rock)
- Die integrasie van verskillende rassegroepe wat voorheen geskei was
- Bring 'n einde aan die skeiding van swart en wit Amerikaanse studente in verskillende skole op grond van ras
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.1.5 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – L1]*

- Federale distrikshowe het oor desegregasie beslis
- Desegregasiewette in Suidelike en randstate
- Leerderplasingwette/tussentydse (tydelike) maatreëls
- Geforseerde integrasie
- Nege van die 17 state en Distrik Columbia begin om hulle skoolstelsels te integreer (enige 2 x 1) (2)

3.1.6 *[Regverdiging van bewyse in Bron 3A – L3]*

Kandidate moet verduidelik of President Eisenhower se besluit GEREGERDIG of NIE GEREGERDIG was nie en hulle antwoorde met bewyse ondersteun.

GEREGVERDIG

- President Eisenhower moes die hofbevel en die bepaling in die Konstitusie afdwing
- Dit sou integrasie van swart Amerikaanse studente by Central High School verseker – impliseer die erkenning van hulle mense- en burgerregte
- Segregasie is ingevolge die 1954-hooggeregshofbeslissing onwettig verklaar
- Die federale distrikte het regsbevoegdheid oor hofsake gehad om die desegregasiebesluit af te dwing
- Enige ander relevante antwoord

NIE GEREGERDIG

- Suidelike State het gevoel dat die federale regering die regte van die plaaslike staat geskend het
- Baie mense in die Suide was sterk teen desegregasie gekant
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.2

3.2.1 *[Ontleding van bewyse in Bron 3B – L2]*

- Om te bewys dat Goewerneur Faubus aan die kant van die segregasioniste was
- Om te wys dat die prosegregasioniste georganiseer was
- Om te toon dat hulle teen die desegregasie van skole was (swaai die vlag van die Konfederasie)
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

3.2.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3B – L2]*

- Om die verskansing (beveiliging) van die segregasionistiese ideologie te verseker
- Vir indoktrinasiedoeleindes
- Kinders sou direk deur desegregasie van skole geaffekteer word
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

3.2.3 *[Ontleding van bewyse in Bron 3B – L2]*

- Simbool van die Suidelike State se vasklou aan die prosegregasiebeleid
- Toon gevoel van trots op die segregasiebeleide van die staat Arkansas en nie van die federale regering nie
- Die jong betogers sou voortgaan met die ideologie van segregasie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.3

3.3.1 [Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – L1]

- Ernstige situasie wat in Little Rock ontstaan het
- Om vanuit die huis van Lincoln, Jackson en Wilson te praat het die hartseer wat hy oor voortgesette segregasie gevoel het oorgedra
- Sy woorde het die fermheid waarmee hy van beplan was om hierdie weg te volg totdat die bevel van die federale hof in Little Rock sonder onwettige inmenging uitgevoer kan word, oorgedra. (2 x 1) (2)

3.3.2 [Interpretasie van bewyse in Bron 3C – L2]

- Dit het die skare wat geweld veroorsaak het, ondersteun
- Hulle was gekant teen die hofbevel wat 'n einde aan segregasie wou maak
- Hulle was simpatiek teenoor die prosegregasie beleid van die wit Amerikaanse samelewing
- Hulle het segregasie gesteun
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.3.3 [Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – L1]

- Die normale agentskappe ('plaaslike owerhede') het die taak ontoereikend uitgevoer/ die skare was oproerig
- Dit was die President se verantwoordelikheid om federale magte in stand te hou (2 x 1) (2)

3.3.4 [Evaluering van die bruikbaarheid van Bron 3C – L3]

Hierdie bron is bruikbaar omdat:

- Dit is toespraak is wat die Amerikaanse President, Dwight Eisenhower, gelewer het
- Dit is eerstehandse inligting (Eisenhower se presiese woorde) oor waarom hy in die Little Rock-krisis ingegryp het
- Die toespraak was 'n amptelike een wat uit die Withuis gelewer is
- Dit hanteer die kwessie wat relevant tot die navorsingsvraag is
- Dit verskaf 'n verduideliking oor waarom die federale regering in Little Rock ingegryp het
- Dit verskaf insig oor hoe die federale regering verkies het om in Little Rock in te gryp
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.4

3.4.1 [Onttrekking van bewyse uit bron 3D – L1]

- Die President het 'n beroep op swart Amerikaners gedoen om 'geduldig' te wees
- Die President het gesê dat swart Amerikaners 'selfrespek' moet hê
- Die behandeling wat swart Amerikaners deur die jare gekry het (2 x 1) (2)

3.4.2 [Ontleding van bewyse in Bron 3D – L2]

- Hy was een van die swart Amerikaanse leiers wat teen segregasie gekant was
- Hy was 'n burgerregteaktivis – vir burgerregte
- Hy was 'n voorstander/kampvegter vir desegregasie
- Hy was bekommerd oor die stadige pas van vrandering rakende desegregasie by skole
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

3.4.3 *[Interpretaise van bewyse in Bron 3D – L2]*

Kandidate moet verduidelik of die doelwitte van die pro-segregasieleiers bereik is en hulle antwoorde met relevante bewyse ondersteun.

NEE

- Central High School is geïntegreer
- Die integrasieproses was stadig maar op die ou end was daar integrasie
- Die Burgerregtebeweging het na 1958 sterker en magtiger geword
- 'n Burgerregtewet (1964) en 'n Stemregwet (1965) is goedgekeur wat oorwinnings vir die Burgerregtebeweging was
- Enige ander relevante antwoord

JA

- Die oproep vir verdraagsaamheid (geduld) van die swart Amerikaners in die integrasieproses deur President Eisenhower was wat die pro-segregasioniste wou gehad het
- Die oproep vir verdraagsaamheid (geduld) het die gees van vryheid in swart Amerikaners vernietig
- Verdraagsaamheid (geduld) gee pro-segregasieleiers hoop
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.5 [Interpretaise, evaluering en samevatting van bewyse in relevante bronne – L3]

Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- 1954 – die hooggeregshof het verklaar dat segregasie in openbare skole onwettig was (Bron 3A)
- Die hooggeregshof het 'n besluit vir integrasie geneem (Bron 3A)
- 1955 – die hof (egter) versoek dat desegregasie 'met die grootste spoed voortgaan' (Bron 3A)
- 1957 – die Goewerneur van Arkansas, Orval Faubus, het die federale bevel vir integrasie verontagsaam (geminag) (Bron 3A) – maar kon nie die proses keer nie
- Dit het spanning/protes aksie tussen swart Amerikaners en wit segregasioniste in Arkansas vererger (Bron 3B en 3D)
- Die kwessie van segregasie en rasseverhoudinge het 'n saak van nasionale belang geword (Bron 3C)
- President Eisenhower het 'n amptelike toespraak uit die Withuis gelewer en 'n uitvoerende bevel gegee waarin federale troepe bevel is om desegregasie in Central High School af te dwing (Bron 3C)
- President Eisenhower se oproep vir verdraagsaamheid (geduld) en selfrespek deur swart Amerikaners het die uitvoerende bevel (vir integrasie) wat alreeds uitgevaardig was, gekeer nie (Bron 3D)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik bewyse op 'n elementêre manier, bv. toon geen of min begrip van die uitwerking wat die desegregasie van Central High School in die 1950's op rasseverhoudings in die VSA gehad het. • Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. 	PUNTE 0–2
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> • Bewyse is meesal relevant en hou tot 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. toon 'n bietjie begrip van die uitwerking wat die desegregasie van Central High School in die 1950's op rasseverhoudings in die VSA gehad het. • Gebruik bewyse op baie basiese manier om 'n paragraaf te skryf. 	PUNTE 3–5
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik relevante bewyse, bv. toon deeglike begrip van die uitwerking wat die desegregasie van Central High School in die 1950's op rasseverhoudings in die VSA gehad het. • Gebruik bewyse baie doeltreffend in 'n georganiseerde paragraaf wat begrip van die onderwerp toon. 	PUNTE 6–8

(8)
[50]

AFDELING B: OPSTELVRAE**VRAAG 4: DIE UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM**

[Beplan en stel 'n oorspronklike argument saam gebaseer op relevante bewyse met gebruik van analitiese en interpretasievaardighede]

SAMEVATTING

Wanneer kandidate hierdie opstel skryf, moet hulle 'n argumentslyn inneem en krities bespreek waarom die VSA, ten spyte van die belegging van groot bedrae geld, wapens en ammunisie, tussen 1965 en 1975 nie in staat was om die kommunistiese magte van Noord-Viëtnam en die Viëtkong te verslaan nie.

HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Inleiding: Kandidate moet die vraag in konteks plaas en 'n duidelike argumentslyn daarstel.

UITBREIDING

- Die VSA was toegewyd om die verspreiding van kommunisme te stuit (beleid van stuiting/in bedwang hou)
- In 1965 het die VSA grondtroepe na Viëtnam gestuur – teen 1967 het daar 500 000 Amerikaanse soldate in Viëtnam diens gedoen – hulle is teen 1973 onttrek.
- Die Amerikaanse taktiek van massabombardering met duur wapentuig was grootliks ondoeltreffend in die oerwoudgebied en teen die Noord-Viëtnamese weermag en Viëtkong-guerrillasoldate wat van voorneme was om Viëtnam as 'n kommunistiese land te verenig
 - Die VSA het 'Operasie Rolling Thunder' bekendgestel (Februarie 1965: Johnson).
 - Die VSA was betrokke by wydverspreide bomaanvalle op militêre en industriële teikens in Noord-Viëtnam en dit is uitgebrei om stede in Noord- en Suid-Viëtnam in te sluit. Die bombarderingsveldtog was veronderstel om die Noord-Viëtnamese binne agt weke te verslaan, maar het vir meer as drie jaar aangehou. Baie hoë koste (onsuksesvol)
 - 'Operasie Ranch Hand' (1967: Johnson) het die omgewing vernietig, maar nie die Ho Chi Minh-pad waarlangs die Viëtkong-magte in Suid-Viëtnam bevoorrad is nie
 - Operasie Linebacker (1972: Nixon) wydverspreide bombardering van Kambodja en Viëtnam teen enorme koste, maar nie daarin geslaag om die oorlog te beëindig nie
 - Nixon het voor groeiende teenstand van die anti-oorlogsbeweging in Amerika gestaan
 - Amerikaanse soek-en-vernietig-sendinge het dikwels geëindig met burgerlike ongelukke (My Lai slagting) wat die teenstand teen die VSA in Suid-Viëtnam vergroot het
- Die kommunistiese magte van Noord-Viëtnam en hulle ondersteuners in Suid-Viëtnam het 'n baie suksesvolle guerrillaveldtog teen die Amerikaanse weermag aangevoer
 - Hinderlae, fopmyne, tref-en-trap-taktiek doeltreffend gebruik
 - 'n Netwerk van ondergrondse tunnels om deur die oerwoud te beweeg, ontwikkel
- Tet Offensief (1968)
- Die VSA het nie daarin geslaag om die harte en siele van die Viëtnamese te wen nie – baie Viëtnamese het die kommunistiese magte as bevryders en nasionaliste beskou

- In 1975 het Noord-Viëtnamese troepe die Suid-Viëtnamese hoofstad, Saigon, ingeneem
 - Die land is onder kommunistiese regering verenig. Die VSA het nie daarin geslaag om die verspreiding van kommunisme te voorkom nie
- Die rol van die media en die anti-oorlogsbeweging in die Verenigde State van Amerika
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hulle argumente met 'n relevante slot saamvat.

[50]

**VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: VERGELYKENDE GEVALLESTUDIES –
DIE KONGO EN TANZANIË**

[Beplan en stel 'n oorspronklike argument saam gebaseer op relevante bewyse met gebruik van analitiese en interpretasievaardighede]

SAMEVATTING

Wanneer kandidate hierdie opstel skryf, moet hulle 'n argumentslyn inneem oor of die Kongo en Tanzanië na onafhanklikheid in die 1960's suksesvol was om hulle ekonomieë ten volle te ontwikkel. Kandidate moet inligting uit die onderskeie gevallestudies gebruik om hulle argumentslyn te ondersteun.

HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Inleiding: Kandidate moet aandui of die beleid in die Kongo en Tanzanië na die verkryging van onafhanklikheid suksesvol was om hulle ekonomieë ten volle te ontwikkel. Kandidate moet hulle argumentslyn daarstel.

UITBREIDING**KONGO:**

(Kandidate moet standpunt inneem oor of die volgende beleid na onafhanklikheid daarin geslaag het om die ekonomie te verbeter.)

Suksesse

- Beduidende gedeelte van Zaïreniseerde ondernemings aan oorspronklike eienaars teruggegee (retrosessie)
- Mobutu Sese Seko hou Zaïre ekonomies aan die gang deur hulp van Westerse moondhede
- Beleid het 'n klein elitegroep bevoordeel (hoofsaaklik Mobutu se familie en vriende)
- Enige ander relevante antwoord

Mislukkings

- Zaïrenasie het die oorneem van landbougrond, nywerhede, kommersieel en mynbouondernemings by buitelandse eienaars behels
- Buitelanders in belangrike posisies is met Kongolese burgers vervang – gebrek aan vaardighede en kapasiteit lei tot verwaarloosing en gebrek aan onderhoud van infrastruktuur
- Korruptsie/Wanbestuur
- Een-produk-ekonomie voortgesit
- Skep van nuwe elite – klasdifferensiasie
- Kleptokrasie
- Enige ander relevante antwoord

TANZANIË:

(Kandidate moet standpunt inneem oor of die volgende beleid na onafhanklikheid daarin geslaag het om die ekonomie te verbeter.)

Suksesse

- Nyerere het 'n stelsel ingestel, ujamaa, waar mense in nuwe dorpe hervestig is.
- Die samelewing in Tanzanië was stabiel en vry van ekonomiese ongelykhede (sosialisme)
- Nyerere het die landelike ekonomie ontwikkel
- Koffieuitvoere het toegeneem/gestyg
- Nuwe tekstielmeulens is gevestig
- Kollektiewe arbeid is ingestel
- Dienslewering in die vorm van gesondheid en onderwys was meer toeganklik
- Dit het tot die hoogste geletterheidsvlakke op die kontinent gelei
- Enige ander relevante antwoord

Mislukkings

- Ujamaa-bestuurders het 'n gebrek aan vaardighede gehad
 - 'n Tekort aan hulpbronne, bv. dorpie was ver van waterbronne
 - Daar was teenstand teen die hervestiging van mense in nuwe dorpe/Geforseerde hervestiging deur polisie en militêre magte – mense wat dit teengestaan het, het nie kos ontvang nie en hulle huise is afgebrand
 - Die ekonomie het ophou groei want landbougrond is vernietig of agtergelaat
 - Die plaasgemeenskap is geforseer om ooste teen baie lae pryse te verkoop
 - Tanzaniërs se afhanklikheid van buitelandse hulp het voortgegaan/Selfonderhoud is nie bereik nie
 - Tanzanië het een van die armste en mins ontwikkelde lande in Afrika gebly
 - Enige ander relevante antwoord
- Slot: Kandidate moet hulle argumente met 'n relevante slot saamvat.

[50]

**VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's:
SWARTMAGBEWEGING**

[Beplan en stel 'n oorspronklike argument saam gebaseer op relevante bewyse met gebruik van analitiese en interpretasievaardighede]

SAMEVATTING

Wanneer kandidate hierdie opstel skryf, moet hulle die filosofie van die Swart Mag verduidelik en aandui tot watter mate die Black Panther-party suksesvol was met die bevordering van hierdie filosofie. Kandidate moet hulle argument motiveer deur voorbeelde te gee van die aktiwiteite van die Black Panther-party en hoe dit gemik was daarop om om die Swartmagfilosofie te bevorder.

HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Inleiding: 'n Kandidaat moet aandui tot watter mate die Black Panther-party in die 1960s suksesvol was met die bevordering van die filosofie van Swart Mag in die Verenigde State van Amerika en hoe die argument ondersteun sal word.

UITBREIDING**Swartmagfilosofie:**

- Die Swartmagfilosofie het ontstaan om die swart Amerikaner se swak lewensomstandighede te belig/aan te pak/
- Dit was 'n denkwysse, om trots te wees en selfrespek as swart Amerikaners terug te kry
- Beginsels van Swart Mag (doen dinge vir hulleself; beheer politiek in hulle gemeenskappe; wees trots op eie kultuur en verdedig hulleself)
- Stokely Carmichael – het die uitsluiting van wit liberales as 'n filosofie van swart Amerikaners voorgestaan (vir ware vryheid wat sonder hulp van die wittes bereik kon word)
- Malcolm X – het vir selfrespek en selfdisipline gestaan
- Enige ander relevante antwoord

Hoe die Black Panther-party die Swartmagfilosofie bevorder het:

- Die Black Panther-party is deur Bobby Searle en Huey Newton gestig vir:
 - Gemeenskapsgebaseerde programme (werk in buurt) en voedingskemas (anti-armoedesentrums)
 - Beskerming teen polisiebrutaliteit
 - Fokus op sosio-ekonomiese toestande van swart mense
- 'n Tienpunt-plan is ingestel, d.i. (oproep om vryheid, indiensneming (werk), ordentlike behuising, behoorlike onderwys, gratis gesondheidsorg, beëindig oorloë en eis grond, brood en vrede)
- Betrokke by straatpatrollies; moniteer polisie-aktiwiteite en beskerm hulleself deur wapens te dra (militante benadering) – om voortdurende polisiebrutaliteit en teistering van spesifiek jong stedelike swart mans te keer
- Enige ander relevante antwoord
- Slot: Kandidate moet hulle argumente met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

TOTAAL: 150